ELDIE nuus news
ELDORAIGNE
AFTREELANDGOED · RETIREMENT ESTATE
Desember 2024 (95)

**Lukas 2: 8-14**
Daardie nag was daar skaapwagters wat in die veld buite die dorpie hulle skape opgepas het. Skielik het 'n engel van die Here aan hulle verskyn en die glans van die Here het om hulle geskyn. Hulle het vreeslik bang geword, maar die engel het hulle gerus gestel. "Moenie bang wees nie" het hy gesệ. "Ek bring vir julle goeie nuus wat groot blydskap vir almal inhou! Die Verlosser-ja, die Messias, die Here- is vannag in Betlehem, die tuisdorp van Dawid, gebore! En dit is hoe julle Hom sal herken: julle sal 'n Kindjie vind wat in 'n krip lệ en in doeke toegedraai is!". Skielik was daar saam met die engel 'n groot menigte ander engele-'n leërskare uit die hemel wat God prys: Eer aan God in die hoogste hemel en vrede op aarde vir almal in wie Hy 'n welbehae het"

Mag u almal hierdie vreugde en vrede geniet en mag 2025 'n geseënde jaar wees.

Wilma vd Berg (HEV Voorsitter)

**Luke 2:8-14**
And there was shepherds living out in the fields nearby, keeping watch over their flocks at night. An angel of the Lord appeared to them and the glory of the Lord shone around them and they were terrified. But the angel said to them: "Do not be afraid. I bring you good news that will cause great joy for all people. Today in the town of David a savior has been born to you-he is the Messiah, the Lord. This will be a sign to you. You will find a baby wrapped in cloths and lying in a manger." Suddenly a great company of the heavenly host appeared with the angel, praising God and saying: Glory to the God in the highest heaven and on earth. Peace to those on whom His favour rests.

May you all have a blessed and peaceful 2025

Wilma vd Berg (Chairperson HOA)

## NUWE INTREKKERS

U word hartlik verwelkom deur die HEV hier by ons pragtige Landgoed. Alle riglyne en prosedures is vervat in die Leefstylgids, maar alle navrae kan ook by Ontvangs gedoen word Daar is ook 'n 32-bladsye A5 boekie (Neutedop) beskikbaar by blokleiers tov praktiese aangeleenthede

32 Magda de Wet
202 Steve en Sally Nortje
1014 Mittah Mentor
22 Joey Meyer en Anne-Marie Stone

## STERFTES

Die HEV maak met leedwese die sterfte bekend van:

253 Louie Weber 24 Okt

Inwoners, wees dankbaar vir geleende tyd saam met u kinders en kleinkinders en ander familie.

Dink met dankbaarheid aan die herinneringe wat saam bymekaar gemaak is.

## Sệ nou 2025 is slegter..

"Voorspoedige nuwe jaar" Die meeste gesprekke word tans met hierdie woorde ingelei. Maar wat as 2025 dalk nie 'n voorspoedige nuwe jaar gaan wees nie? Hoe gemaak as die moeilikheid net nog meer gaan word? Wat as onsekerheid en probleme nie gaan afskaal nie? Wat as jy in die nuwe jaar aanhou met bid, maar niks verander nie? Sal jy dan steeds aanhou glo wanneer die jaartal verander? Sal jy steeds op die Here vertrou as moeilikheid nie in 2025 van jou radarskerm verdwyn nie?
Wel, as jy hierop kan ja sệ, dan het geloof reg grond geraak in jou lewe in 2024. As God se genade vir jou genoeg is onder alle omstandighede, dan het jy vanjaar geleer waaroor geloof regtig gaan. Dan het jy reg gegroei. Dan gaan 2025 se uitdagings jou nie onkant betrap nie. Dan gaan jy volhard op God se pad te midde van voorspoed en teenspoed. Dan mag jy glo dat 2025 'n goeie jaar gaan wees, op die Here se terme!
Dan mag jy vir mense dieselfde voorspoed toebid op hul lewensreise in 2025. (Stephan Joubert)

## Die beginjare van die landgoed.Huise en Woonstelle in aanbou (Mrt 2015)





## Die pragtige ingang November 2024: 9 Jaar later



**Die Oktoberfest gehou op 19 Oktober is geniet deur heelwat inwoners met Barney wat die musiek verskaf het.**









# OKTOBER FEST

















# Legal Compliance Certificate

**OCCUPATIONAL HEALTH AND SAFETY ACT**
**NO. 85 OF 1993**

THE MANAGEMENT AND STAFF OF

**CSI Property Management Pty Ltd**
**Eldoraigne**

**458-Willem Botha Drive, Eldoraigne, Centurion**

THROUGH THEIR EFFORTS HAVE ACHIEVED A "REASONABLE LEVEL OF COMPLIANCE" AS AUDITED AND MEASURED AGAINST THE SCOTT-SAFE OCCUPATIONAL HEALTH AND SAFETY LEGAL COMPLIANCE SYSTEM BENCHMARK ON

**29 October 2024**
**(VALID FOR 1 YEAR FROM DATE OF CERTIFICATION)**

THE VALIDITY OF THIS CERTIFICATE IS SUBJECT TO ONGOING MAINTENANCE OF THE STANDARDS AS SET OUT AND AGREED UPON IN THE SERVICE LEVEL AGREEMENT

SCOTT-SAFE
OCCUPATIONAL HEALTH AND SAFETY SPECIALISTS Est 1992

Saiosh

***"Inspection Authority"*** *means any person who with the aid of specialised knowledge or equipment or after such investigations, tests, sampling* or analyses as he may consider necessary, and whether for reward or otherwise, renders a service by making special findings, purporting to be objective findings, as to –

*(a) the health of any person;*

*(b) the safety of risk to health of any work, article, substance, plant or machinery, or of any condition prevalent on or in any premises; or*

*(c) the question of whether any particular standard has been or is being complied with, with respect to work or a condition prevalent on or in any premises, or with respect to any other matter, and by issuing a certificate, stating such findings, to the person to whom the service is rendered.*

Saiosh ISO 9001 CERTIFIED INSPECTION AUTHORITY SACPCMP

**You're Safer With Us!**

July 2023

## VEILIGHEIDSTANDAARDE BY ONS LANDGOED

Inspeksies deur Scott-Save (Beroepsgesondheid-en Veiligheid-spesialiste) word elke 6 maande by die landgoed uitgevoer. Streng standaarde word toegepas om te verseker dat daar aan alle wetlike vereistes ten opsigte van gesondheid en veiligheid voldoen word. Tydens die onlangse inspeksie wat op 29 Oktober 2024 plaasgevind het, is daar weer 'n skoon ouditverslag (geldig vir 12 maande) aan die landgoed uitgereik. Die CSi span kon weereens daarin slaag om 100% te behaal. Dit is voorwaar 'n groot prestasie!

## SAFETY STANDARDS AT OUR ESTATE

Inspections by Scott-Save (Occupational Health and Safety Specialists) are carried out at the estate every 6 months. Strict standards are applied to ensure that all legal requirements regarding health and safety are met. During the recent inspection that took place on 29 October 2024, a clean audit report (valid for 12 months) was again issued to the estate. The CSi team was once again able to achieve 100% This is truly a great achievement!

Agt inwoners van die landgoed het die Overbergtoer gedurende Oktober 2024 meegemaak en hulle gate uit geniet.Johan en Grieta was die toerleiers



# Die Bingo- afsluiting














JUSTPROPERTY
MICHELLE WILKE
SALES & RENTAL SPECIALIST
076 648 3238 | michellew@just.property
Eldo In-House No. 3068
Summit Real Estate (Pty) Ltd, trading as Just Property Summit,
is a franchise of Just Property. Registered with the PPRA.
Property Practitioner Registered with the PPRA
SEASON'S
GREETINGS
Wishing you a joyful
festive season filled with special
moments with loved ones.
JUST
PROPERTY
LET'S OPEN DOORS




0677223251
ELEKSA
BATTERIES
UNBEATABLE PRIZES ON BATTERIES
FOR YOUR ALL MOBILITY VEHICLE
SHOP 23 , MONTANA VALUE CENTRE
1151 TIBOUCHINA ROAD, MONTANA
FOR YOUR PENSION DISCOUNT USE CODE SM6802 TO GET YOUR DISCOUNTED PRICE
We also do
REPAIRS and
maintenance on electric
DISABILITY
VEHICLES
AT OUR SHOP OR
AT YOUR PREMISES
We stock batteries for the following vehicles
SOLAR-DRIVEN
LEISURE
ELECTRIC
MOBILITY
AGRICULTURE
LITHIUM-ion
LEAD-ACID
ULTRA CAPACITATORS




## Polanie en vriende geniet n heerlike jaarafsluitingsete by Inn Joy Boutique





WORLD OF VISION
OPTOMETRISTS
QUALITY • VARIETY • SERVICE
PENSIONARIS DAG
ELKE DINSDAG
(BO 60'S)
KLINIEK DAG
ELKE DONDERDAG
(KONTANT AANBOD, NIE MEDIES)
Oog Toets: R170
Enkel visie begin by R490
Bifokaal begin by R920
Multifokaal begin by R1200
Prys sluit lense en raam uit sekere reeks in.
Verdonkering ens. kan bygevoeg word.
Vir meer inligting
KONTAK ONS
012 653 2288
Centurion Lifestyle Sentrum
Hoek van Lenchen South en Castanet straat

## NOODSITUASIES

Met die feestyd wat voor die deur is, kan verskeie noodsituasies en probleme opduik waarop u voorbereid moet wees:

1. Rapportering van defekte **gedurende kantoorure** aan ontvangs. (sien Leefstylgids par 6.1) of (Neutedop bl 29)
2. **Na-uurse** defekte en noodsituasies ( Leefstylgids par 6.2) (Neutedop bl 30)

'n Na-ure noodgeval kan gerapporteer word aan die noodnommer 073 007 0715. Dit sluit slegs werklike noodgevalle in wat nie kan wag tot die volgende oggend vir rapportering nie, soos bv. 'n ernstige waterlekkasie wat kan lei tot die oorstroming van u eenheid of geblokkeerde aflooppype met riool wat oorstroom.

Dit is wys om self voorsiening te maak vir onmiddellike **nood**water, **nood**krag en **nood** mediese benodigdhede in u eenheid.

**1.Noodwater**: Alhoewel die landgoed oor noodwatertenks met 80 200 liter kapasiteit beskik, kan u watervoorsiening uit u krane in die middel van die nag, of gedurende die naweek, staak weens gebarste pype buite die landgoed ens. Maak dus **self** voorsiening vir ten minste 10 liter drinkwater en 10 liter water vir toiletspoel vir 'n dag of twee. Bestuur sal die noodwatertenks oopsluit in noodsituasies.

2.**Noodkrag**: Kraglewering aan die landgoed kan in die middel van die nag staak, weens kabeldiefstal. Alhoewel die noodkragopwekker aan die Sorgsentrum en dienssentrum krag lewer, moet u **self** voorsiening maak vir noodbeligting vir u eenheid. (flitse, herlaaibare gloeilampe..)

3**.Nood medies:**

-Indien u in die middel van die nag 'n mediese noodgeval ondervind, gebruik u paniekknoppie om die sorgsentrum te ontbied, of skakel 2009 op die interne foon as jou paniekknoppie se battery dalk pap is, of 012 007 1609 vanaf u selfoon.

Dit is handig om altyd 'n **klaar gepakte noodsak** gereed te hệ, indien u dalk nie mediese inligting kan verskaf of slaapklere kan pak nie.Dit moet 'n afskrif van u id, mediese geskiedenis, mediese fondskaart, voorskrifmedikasie, toiletware en 'n stel slaapklere inhệ. (Redakteur)

**Marie Pretorius (1024) en Marie Ackerman (1031) vier hulle 80ste verjaardae in die klubhuis saam met 'n klompie vriende.**



**Die 3 Marie's wat in blok 23 woon**



**Marie Ackerman en haar 2 kinders**



**'n Interessante brokkie inligting: Die naam Marie as noemnaam en/of Maria as doopnaam by die dames is baie gewild hier by die landgoed: By die huise is 44 en by die woonstelle is 27. Dus 71 in totaal.**

## KERSETE

**Die jaarlikse kersete vind plaas op Vrydag 20 Desember 2024 gedurende middagete van 11h30 tot 14h00.**

**Besprekings word gedoen direk by die restaurant se besprekingstoonbank en nie by ontvangs nie.**

## ONS KANTOOR-URE DESEMBER 2024

23 Des: 08h00-16h00
24 Des: 08h00-12h00
27 Des: Gesluit
30 Des: 08h00-12h00
31 Des: 08h00-12h00

2 Januarie 2025: Die nuwe jaar begin in vol swang met gewone kantoor-ure, en met uitgeruste personeel!







## LAASTE GEDRUKTE RAPPORT




Gerhard (29), die vriendelike Rapport-verkoper wat Sondae getrou sy pos beklee hier by ons hek, is sy enigste inkomste kwyt op 22 Desember, wanneer Rapport se laaste gedrukte uitgawe verskyn.
Hy was voorheen werksaam as "loadcontroller" by Clover, totdat hulle personeel verminder het in 2023. Hy kan loodgieters-, onderhouds- en bouwerk doen.

Hy het 'n vrou, Chantelle, en 3 kinders: seuns van 8 en 4, en 'n dogtertjie van 2.

Is daar dalk enige van die inwoners se kinders of familielede wat hom volgende jaar behulpsaam kan wees met werk?

(Red)

# Die mini Ekspo gehou op 10 September het wye belangstelling gelok













